# Resensie

VAN DER WALT, B.J. 1992. **Venster op die werlikheid.**
Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 556 p. Prys: R50,00.

Resensent: Kobus Smit (Departement Filosofie, UOVS)

Hierdie werk van Van der Walt kan sekerlik getipeer word as die distillaat van volgehoue navorsing en beleë resultate vanuit die reformatoriese denkwêreld. Die werk spreek van teologiese en filosofiese belesenheid en maak inderdaad inspirerende perspektiewe vir die leser oop. 'n Oogmerk van die publikasie is om 'n brug te slaan tussen die student se religieuse lewe aan die een kant en sy lewensbeskouing en filosofie aan die ander kant. Implisiet het hierdie aanbiedingswyse dan ook betekenis vir wetenskapsbeoefening in die algemeen.

Inhoudelik is die werk in dertien hoofstukke verdeel: Na 'n inleidende hoofstuk volg 'n ontleding van wat 'n lewensvisie (die term wat hy verkies) is (hoofstukke 1 en 2) dan 'n hoofstuk oor God se openbaring en in hoofstuk 4 word die reformatoriese visie met ander lewensvisies vergelyk en die tweeterreineleer skerp-krities ontleed. Hoofstuk 5 bied 'n Skrifmatige kosmologie en verwys ook na die *New Age*-beweging en na die rol van etiek in die wetenskap. In hoofstuk 6 is daar 'n Skrifmatige kultuurfilosofie en in hoofstuk 7 'n antropologie terwyl hoofstuk 8 gewy word aan mens, gesag en samelewing. Die reformatoriese samelewingsleer word vergelyk met ander samelewingsvisies in hoofstuk 9. Hoofstuk 10 gaan oor die kardinale probleem van ideologie. Die volgende hoofstuk bied analises van vriendskap, die huwelik, skool en die bedryf en hoofstuk 12 bevat analises van die kerk, die staat en die universiteit. Hoofstuk 14 bring die student dan uiteindelik by die probleem van Christelike wetenskapsbeoefening.

**Pluspunte van hierdie publikasie**

- Die beskrywing van 'n *lewensvisie* (pp. 29-31, 40-41) is glashelder en 'n sleutel tot die res van die werk. Tereg beklemtoon hy ook die feit dat die lewensvisie nie maar net 'n brug is van die geloof na die breë lewe nie, maar dat lewensvisie ook die medium is waardeur ons daaglikse ervaring ons geloof kan bevestig/bevraagteken/korrigeer (p. 34).

- Die ontleding van die *openbaringsidee* in hoofstuk 3 is 'n *moet* vir die ontleding van die reformatoriese lewensvisie. Van der Walt onderskei veral tussen Skeppings-,

Woord- en Geïnkarneerde openbaring en verwerp, in ooreenstemming met sy kritiek op die tweeterreineleer, die onderskeiding tussen algemene en besondere openbaring.

* Baie verhelderend is die *klem op die twee hermeneutiese spirale* (pp. 58, 66): die tweegesprek tussen lewensvisie en werklikheid en dié tussen lewensvisie en openbaring. Albei slyp die lewensvisie. Van belang is ook die 14 hermeneutiese reëls (pp. 62-64) wat vir 'n student in die reformatoriese filosofie onontbeerlik is.

* Die oorheersende belewing by die deurlees van hierdie boek is een van *solidariteit op grond van 'n gemeenskaplike lewensvisie.* Neem byvoorbeeld die skrywer se opsomming van die gemeenskaplike trekke van 'n reformatoriese lewensvisie:
  - die radikale onderskeid tussen God en skepping;
  - die onderskeid hemel en aarde;
  - die onderskeid skeppingsordeninge en wat daaraan onderworpe is (wet-subjeksy);
  - die onderskeiding van onherleibare modaliteite;
  - die verskillende fases in die ontwikkeling van die skepping (menslike kultuurarbeid) en
  - die onderskeiding tussen struktuur en rigting (pp. 84-88).

* 'n Uitstekende tipering van die *tweeterreineleer* vind 'n mens in hoofstuk 4 (pp. 89-102) en die bespreking net daarna van die probleem van Christensportman te wees (vir 'n praktiese klas), bring die hele problematiek onmiddellik tuis. Hier het 'n mens inderdaad met kardinale bevrydende perspektiewe te doen.

* Die afdeling oor *normatiwiteit* word voorafgegaan deur die vraag na wat normaal is. Om eers hierdie vraag aan die orde te stel, werk uitstekend! Op dié wyse kan die heersende *relativistiese moraal* effektief bevraagteken word: Is dit wat as normaal deurgaan normatief? Die ontleding van norme as "feilbare antwoorde op God se wet" is 'n keurige tipering. In terme van die Skrf word dan ook tereg onderskei tussen *destydse vorm* en *blywende norm*!

* In hoofstuk 6 word die geïnflasioneerde verwagting van die *etiek* in 'n tyd waarin daar nie veel ruimte vir religie is nie geteken, en word die sinkern van die etiese gevind in *trou* of *betroubaarheid* (p. 167).

  > Etiese *verhoudinge* is dus verhoudinge waar die onderlinge betroubaarheid of wedersydse vertroue prominent is. Die etiese *norm* sal dan wees dat ons getrou, lojaal, eerlik, ensovoorts in ons menseverhoudinge moet wees (p. 167).

Die etiek word op grond van hierdie terreinbeperking teruggesny tot reële proporsie. Die ou vraag ontstaan egter: wat van die nie-menslike skepping? Is daar 'n etiese relasie moontlik tot diere en plante, tot 'n habitat, 'n wetenskap en 'n motor? In hoofstuk 6 (oor kultuur) is daar pragtige stof vir die uitwerk van 'n ekologiese etiek (veral pp. 180-189).

* Een van die sinvolste afdelings in die boek is *die vergelyking van die tradisionele Afrikakultuur en die moderne Westerse kultuur.* Hier is dit veral die ontleding van die holistiese religieuse oriëntasie van die tradisionele Afrikakultuur en die dualistiese religieuse belewing van die Westerling wat tot nadenke stem. Ook die karakterisering van die kommunalistiese en indiwidualistiese lewenstyle is briljant. Dit is hierdie stof wat oortuigend bevestig dat die skrywer van Afrika is, krities-solidêr: vir die uitbouing van gemeenskaplike waardes en 'n Suid-Afrikaanse nasieskap is dit essensiëel.

* *Die reg op verset* is vir baie lank in Calvinistiese kringe sodanig gekwalifiseerd gehanteer, dat daar prakties geen moontlikheid vir so 'n reg bestaan nie. In *Venster op die werklikheid* kry 'n mens ook hier die indruk dat dit werklik 'n venster op die *werklikheid* bied (p. 243 e.v.). (Vgl. pp. 453-467.)

Kritiese aantekeninge

Natuurlik is daar enkele punte van kritiek teen *Venster op die werklikheid.* Ek noem enkele hiervan:

* Dit is jammer dat die oriëntering in hoofstuk 1 spesifiek gerig is op studente van die PUCHO en dat duur ruimte gemors is op algemene inligting wat goedkoper in 'n studiegids aan studente verskaf kon word.

* Die skrywer vermeld onder andere drie werke wat 'n mens as standaardinleidings oor die problematiek reformatoriese religie/lewensbeskouing/filosofie/wetenskapsbeoefening sou beskou, naamlik dié van Wolters, Spykman en Walsh Middleton. Hierdie standaardinleidings is kort en bevatlik - in die lig hiervan kon Van der Walt se publikasie (550 bladsye) sekerlik met vrug verkort word tot 200 bladsye. Wydlopigheid en herhalings ontsier die geheel van hierdie publikasie.

* Ek is nie seker of ek die bedoeling goed begryp nie, maar om te beweer dat die wet 'n derde realiteit naas God en skepping verteenwoordig, oortuig my nie. Daar word gesê: "Die wet is naas God en die kosmos 'n aparte realiteit" en 'n paar reëls verder: "Dit is belangrik om daarop te let dat God sy wil *vir* die dinge *in* die dinge

openbaar" (p. 130). Dis geen probleem om te aanvaar dat die wette God se *gekonkretiseerde skeppingswil* is nie, maar word wette dan 'n 'aparte realiteit'? Wanneer daar dan op voortgebou word deur die verwerping van die wet as 'grens' tussen God en kosmos, sê hy;

> Die grensgedagte ... skep nog te veel die idee dat ruimtelike maatstawwe (iets kreatuurliks) ook op God en die wet van toepassing gemaak word, sodat die wet as iets tussen God daarbo en die kosmos benede gesien word (p. 131).

* Die sensitiwiteit gaan hier te ver. Hoe anders verduidelik 'n mens wet-subjek as om te verwys na God die Wetgewer bo die wet en die wetsonderhorige skepsel onder die wet? Hoe anders kan God hom aan die mens openbaar as in kreatuurlike (antropomorfiese) terme?

* Die kommentaar op die antroposentriese siening van die skepping (ook by Berkouwer te vinde) noem van der Walt 'n blinde kol in die reformatoriese lewensbeskouing. Antroposentrisiteit is egter iets anders as antroposentrisme as verabsolutering. Die sentrale plek van die mens blyk myns insiens veral uit die val en die verlossing/voleinding (weer eens Gen. 3:17 en Rom. 8:20-22).

* By die deurlees van die gedeelte oor geslagtelikheid moes ek aflei dat daar vir die skrywer geen gesagsverhouding binne die huwelik bestaan nie, dat hoofskap dieselfde beteken as baasskap (p. 237). Maar dan ontglip die betekenis van die metafoor van hoof en liggaam, Christus en sy kerk in Efesiërs 5 my. Waarom beteken *lei* (in liefde) en *regeer* vir hom dieselfde? (Vgl. ook p. 378.)

* Tegnies word die publikasie ontsier deur heelwat foute in die teks. Ook kan die ontwerp vir die voorblad die boek kelder!

Ten spyte van hierdie kritiese opmerkings kan *Venster op die werklikheid* ongetwyfeld gesien word as die neerslag van gedagtes wat 'n bydrae kan lewer tot die uitbou van 'n reformatoriese lewensvisie.